

11 Junie Levitikus 9:22-10:7

(Teks: 10:1)

Die Here wil gedien word volgens sy bepalinge

Die HERE ons God wil gedien word en uit genade skenk Hy die moontlikhede en die gawes waardeur sy gelowiges Hom kan dien. In sy Woord openbaar Hy presies hoe Hy gedien wil word.

Hy het bepaal dat Aaron as hoëpriester die dienswerk by die reukoffer-altaar moet verrig (Eks 30:7-9). Maar toe kom Nadab en Abihu en meen eiesinnig dat dit ook goed vir die HERE sal wees as hulle die reukoffer bedien. Dit was egter nie goed nie, want die HERE het nie so beveel nie! Deur hulle eiesinnige daad het hulle "vreemde vuur" op die HERE se altaar gebring; hulle het die diens aan Hom vervreem! So vervreem, dat Hy met die dood straf!

Ons daaglikse lewe is diens aan God. So ook ons hele kerklike lewe.

Deur Jesus Christus, ons enigste Hoëpriester, is ons bevry van wettiese diens aan God. Dit is egter vryheid in gebondenheid aan sy Woord. Baie presies sê Hy in die Bybel hoe sy Woord en sakramente bedien moet word, hoe ouderlinge, diakens en predikante hulle dienswerk moet verrig - sodat ons Hom volgens sy Wil kan dien deur die leiding van die Heilige Gees.

As ons dan meen die HERE kan net so goed gedien word deur vernuwing van die erediens ter wille van mense, dan bring ons "vreemde vuur" in die HERE se diens, want Hy beveel dit nie!

Sing Psalm 40:4

Ds. R.L. Vorster (Odendaalsrus)